



ethnikids
made for me

OZZY RED DIE RIF

GESKRYF DEUR
MICHELLE LINDE

ILLUSTRASIES DEUR
ELLEN HEYDENRYCH



PUBLIKASIE INLIGTING

Hierdie boek is geskep deur Ethnikids Publiseerders (Ltd)
vir Wimpy 2024.

Tekskopiereg Michelle Linde 2024.

Illustrasiekopiereg Ellen Heydenrych 2024.

Vertaal deur Jacqueline Frew

Alle regte voorbehou. Geen uittreksel of deel van hierdie
publikasie mag gepubliseer
word, in enige formaat, sonder die geskrewe goedkeuring
van Wimpy nie.

Ethnikids Publiseerders is deel van Ethnikids (Ltd)
www.ethnikids.co.za



Lank, lank gelede in 'n dorp onder die see
Het daar 'n dier gebly
O! Hoe vreemd was hy!

Met twee bene, ses arms,
en drie harte in sy mantel bors.
Ontmoet jy die unieke wonder,
O, Hoe besonder.





Ozzy die seekat was skugter,
skaam en stil.
Vriende maak met vreemdes
was nie sy wil.


'n Geheime wapen: Kamoe fleer!
Verander van vorm en kleur.
Om dit te doen was maklik vir hom.
So het hy homself vermom.



`n Kop met pote, bloed so blou.
Sy lyf vol breine, maak hom `n slim ou.
Maar Ozzy bly eerder agter sy toe deur,
totdat daar eendag iets erg gebeur...

**Die stroom draai en 'n vreemde ding, word ingespoel.
Dit raas, lyk snaaks en het vinnig gewoel.**

Die dier se voorkoms was iets om te aanskou,
tingerig en fyn gebou.





Peewee Prawson was sy naam
en om nuwe vriende te maak
was sy faam.

Met wakker oë,
vyf pare bene,
so vining soos die wind,
om nuwe vriende te vind!

Vrolik

en **gretig** sonder om te draai
sien **Peewee** vir Ozzy en glimlag fraai.


“Kan ons maats wees?” vra hy opgewek,
maar Ozzy bly bietjie dikbek.

“Ag asseblief, los my net”

Peewee het na niks opgelet
nie eers na Ozzy se gesmeek.
Al wat hy sien, is sy hart van goud, weg gesteeek!

Opgewek swem Peewee met soveel grasia
en maak vriende in die water spasia.

Ozzy se tentakels opgevrommel,
soos `n geplooi pak,
is nie lus vir vriende
en sit eerder onder `n klipdak.



‘n Stille donkerte kruip oor die rif in die
dag se laaste lig,

‘n diepseeduiker in sig.

Was hulle in gevaar?
Peewee en sy maats het iets gewaar!
Hulle was swaar omring,
met ‘n net kring.






Peewee het om hulp geroep,

**“WIE IS DIE EEN WAT ONS KAN RED
UIT HIERDIE AAKLIGE NET?”**

Toe Ozzy sy verskyning maak,
het hy dadelik besef dis ‘n ernstige saak.

Al die visse was baie bang om hom,
maar hy het dié duiker al teëgekom.






“Nee, dit mag nie!”
Hulle kort sy hulp.

**Ozzy se tentakels,
ja al agt rek stadig uit
en GRYP met krag!**

Die duiker wys geen vrees,
hierdie gaan `n geveg wees!




Ozzy spuit sy
pikswart ink
dat dit die duiker twee keer laat
dink.



Hulle is los, hulle is vry!
Met die net weg gegee,
duik hulle terug in die diep, diep see.

Peewee was so verlig,
met juigende ovasie:
“Ozzy jy het ons gered!
Ons reël `n groot okkasie!”



Skugter **Ozzy** het verander na sy helde daad.

Sy drie harte het gelag,
wat `n wonderlike dag!

Met blydschap in die lug
het Ozzy diep gesug:

“Ek gaan vriende maak
en die alleenheid staak.”

Wegkruipertjie speel was meer pret
nou dat hy vriende het.

Peewee was ongelooflik bly,
hy het `n spesiale seekat vriend gekry!

In die warm Indiese Oseaan,
waar wondere ontvou,

**word daar met goedheid
en liefde
vriendskappe gebou.**



DIE EINDE

